higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 4

(5050094)

15 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

186Q1N2415

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs swart of blou ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Die kurrikulum-inhoud wat nie onderrig word nie, kan ook die nulkurrikulum genoem word.

1.2 Die term *sosiale geregtigheid* beteken om vir ander mense om te gee ter wille van die algemene welstand van die samelewing.

1.3 Die NKR is ‘n liggaam wat kwalifikasies registreer en gehalte-onderwys en -opleiding verseker.

1.4 Die oogmerk van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika is om die lewensgehalte van al die landsburgers te verbeter en hul potensiaal te verwesenlik.

1.5 Onderwysers sluit nie hulpbronne in hul leerprogramme in nie ten einde onderrig- en leeraktiwiteite suksesvol te kan aanbied.

1.6 Die klaskamergedragskode bepaal dat leerders nie deur die onderwyser gedissiplineer mag word nie.

1.7 Goeie ventilasie in die klaskamer is bevorderlik vir ‘n gesonde leeromgewing.

1.8 Daar word van onderwysers vereis om eenmaal per maand te reflekteer.

1.9 Die UGO-assesseringsbeginsels ondersteun die uitsluiting van bepaalde leerders van deurlopende assessering.

1.10 Assesserings wat aan die begin van die jaar gedoen word om ‘n leerder se prestasie te bepaal, help om ‘n beter idee van leerders se vermoëns te kry.

1.11 ‘n Rubriek is ‘n beoordelingskaal wat deur onderwysers gebruik word om die gehalte van ‘n leerder se werk te evalueer.

1.12 ‘n Voorbeeld van ‘n assesseringstaak is om artikels vir ‘n klastydskrif te skryf.

1.13 Wanneer leerders gevra word om ‘n taak te voltooi, kan die beskrywing van die taak vaag wees.

1.14 Om te verseker dat ‘n assessering prakties uitvoerbaar is, moet die koste-effektief wees en nie duur toerusting benodig nie.

1.15 Geheuekaarte is ‘n irrelevante instrument in reflektiewe onderrig.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Terwyl me Smith onderrig gee, maak sy altyd seker dat daar ‘n skakel tussen leerareas is.	A	‘n normverwysende assessering
2.2	Mnr Moloi weet dat hy nie Mpho toegang tot sy skool kan weier nie, selfs al sukkel hy om in Engels te kommunikeer.	B	bekwaamheid
2.3	Me Smith gebruik die proses van evaluering, beoordeling en rangordening van leerders teenoor die klas te prestasie.	C	bewustheid
2.4	Die vermoë van ‘n onderwyser om altyd te weet wat in sy/haar klas aangaan.	D	intrapersoonlik
2.5	Sommige leerders in me Smith se klas het ‘n natuurlike vermoë om pragtige prentjies te teken.	E	regsoewereiniteit
2.6	Me Smith gebruik hierdie proses om die leerders se vordering en prestasie in assesserings te dokumenteer.	F	taalbeleid
2.7	Die leerders in me Moloi se taalvaardighede wissel van swak tot uitstekend.	G	kriteriumverwysende assessering
2.8	Die beplanningsdokument wat die leeruitkomste vir een jaar aandui, word ‘n … genoem.	H	mening
2.9	Die amptelike dokument wat gebruik word om aan die ouers terugvoering oor die leerders se prestasie te gee.	I	optekening
2.10	Watter een van Howard Gardner se agt intelligensies hou ten nouste verband met emosionele intelligensie?.	J	aanleg
2.11	Mnr Baloyi gebruik hierdie proses om leerders se prestasie teen vaste kriteria te meet.	K	terugvoering
2.12	‘n Fundamentele waarde van die Suid-Afrikaanse Grondwet.	L	rapport
2.13	Persoonlike oortuiging of oordeel.	M	Kritieke Uitkomste
2.14	Een van die belangrike eienskappe van die Nasionale Kurrikulumverklaring is …	N	integrasie
2.15	Die inligting wat verskaf word om leerders te help om hul sterk punte en swakhede te ken.	O	Werkskedule

(15 × 1) **[15]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne/ deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

leeruitkoms; eerlik; tradisionele; diagnostiese; opneem; interne; spesiale; lewensoriëntering; bestuurswetenskap; beheer; beleid; dokument; motivering

3.1 Die … benadering tot onderwys maak van toetse en eksamens gebruik om prestasie te meet.

3.2 … assessering word gedoen om die oorsaak van probleme wat bepaalde leerders ervaar, te bepaal.

3.3 … is die verklaarde eindproduk van 'n leerproses.

3.4 Susan benodig meer tyd om skriftelike toetse en eksamens te voltooi as gevolg van haar … onderwysbehoeftes.

3.5 Wanneer onderwysers reflekteer, moet hulle … met hulself wees.

3.6 'n Onderwyser kan hul lesse op 'n selfoon of videokamera … ..

3.7 … is die leerarea wat leerders lei en voorberei om betekenisvol en suksesvol in 'n vinnig veranderende en transformerende samelewing te leef.

3.8 Onderwys word deur beleide, prosedures en stelsels … .

3.9 Skole moet 'n … as 'n raamwerk gebruik en hul eie benadering ontwikkel om die skool se behoeftes te akkommodeer.

3.10 Een van die drie aspekte van hoe om leerderdeelname te bestuur, is diversiteit, … en meervoudige intelligensie.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Identifiseer die relevante onderwysband (volgens die NKR in die scenario's hier onder. Skryf slegs die band langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Mpho is 'n eerstejaarstudent aan Unisa en studeer vir 'n Baccalaureus in Handel.

4.1.2 Tumane is baie opgewonde, omdat vandag haar eerste dag in Graad R by Motheo Primêre Skool is.

4.1.3 Dumisani werk tans aan sy tesis en as alles goed gaan, sal hy sy PhD aan die einde van die jaar verwerf..

4.1.4 Raymond gaan Vrydag sy finale NKR Vlak 4-assessering doen.

4.1.5 Samuel is positief dat hy sy VBOO L1-sertifikaat sal verwerf nadat hy sy assesserings voltooi het.

(5 × 2) (10)

4.2 Identifiseer die tipe assesseringstaak wat in elk van die scenario's hier onder beskryf word. Skryf slegs die assesseringstaak langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.3) in jou ANTWOORDBOEK neer.

4.2.1 'n Paar leerders wys vir hul klasmaats hoe om 'n baba se voerstoeltjie aanmekaar te sit.

4.2.2 'n Groep studente probeer inligting oor 'n bepaalde onderwerp in die hulpbronsentrum vind.

4.2.3 Thandi skep 'n visuele voorstelling van 'n onderwerp op 'n groot vel papier met behulp van prente, teks, 'n gomstokkie en 'n skêr.

(3 × 2) (6)

4.3 Noem die DRIE komponente wat in die klaskamer teenwoordig moet wees om te verseker dat effektiewe onderrig en leer plaasvind. (3 × 1) (3)

4.4 Noem VIER nieverbale ingrypings of hanteringsvaardighede wat die onderwyser moet implementeer in reaksie op ontwrigtende gedrag. (4 × 1) (4)

4.5 Noem DRIE aspekte of aktiwiteite wat 'n integrerende deel van klaskamerbestuur vorm. (3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

4.6 Identifiseer TWEE bekwaamhede ('competencies') waaroor die onderwyser in die scenario hier onder beskik en skryf die antwoorde langs die vraagnommer (4.6) in jou ANTWOORDBOEK neer.

Me Viljoen het 'n begrip van dit was sy onderrig en waarom sy dit onderrig, demonstreer.

(2 × 1) (2)

4.7 Verskaf EEN voorbeeld van elk van die volgende meervoudige intelligensies:

4.7.1 Linguisties

4.7.2 Intrapersoonlik

(2 × 2) (4)

4.8 Identifiseer die tipe deurlopende assessering uit elk van die scenario's hier onder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.8.1–4.8.3) in jou ANTWOORDBOEK neer.

4.8.1 Mnr Seutloali begin altyd se Graad 9's se akademiese jaar met 'n vraag-en-antwoordsessie.

4.8.2 Mnr Seutloali se leerders voltooi oefeninge in die klas en hy gee gereeld vir hulle terugvoering, sodat julle kan weet of hulle vordering maak of nie.

4.8.3 Mnr Seutloali se groepe het so pas hul eindeksamen geskryf en wag almal angstig op hul uitslae.

(3 × 1) (3)

[35]

VRAAG 5

5.1 Identifiseer en beskryf die onderskeie reflektiewe instrumente wat onderwysers gebruik uit die prente hier onder. Skryf die naam van die instrument en sy beskrywing langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.4) in jou ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1



5.1.2



5.1.3



5.1.4



[Bron: *www.google/images.co.za*]

(4 × 2) (8)

5.2 Doen TWEE redes aan die hand hoekom jy dink dat reaktiewe strafmaatreëls nie die gewenste uitwerking op orde in die klas sal hê nie. (2 × 2) (4)

5.3 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg:

Me Naidoo is ‘n NKR 4-gasvryheidstudie-onderwyser by ‘n plaaslike kollege. Haar groep leer tans oor tertjies, soetgebak en koeke. Sy het lesplanne aan die begin van die jaar voltooi. Sy erken die diversiteit van haar leerders asook die verskillende metodes en instrumente wat sy kan gebruik om hulle te assesseer.

Me Naidoo gebruik ‘n verskeidenheid instrumente om assessering-beoordelings op te teken. Vanoggend, voor haar les begin het, het sy ‘n dokument opgestel met die name en ‘n lys kriteria. Sy het tussen die leerders rondgestap en aantekeninge oor hul bekwaamheidsvlakke gemaak.

Later die dag voltooi sy ‘n lys stellings om uiteen te sit wat die leerders moet bereik om ‘n taak suksesvol te voltooi.

Die volgende dag gebruik me Naidoo ‘n dokument waarop die kriteria aangedui word wat nodig is om die assesseringstaak te voltooi, asook die bekwaamheidsvlak en die prestasie-aanwysers.

Nadat die onderwerp afgehandel is en voor die eindeksamen, stel me Naidoo ‘n dokument op wat die antwoorde, alternatiewe antwoorde, en puntetoekenning vir antwoorde bevat.

Aan die einde van die kwartaal ontvang al die leerders ‘n rapport van die skool voordat hulle met vakansie gaan. Sommige leerders ontvang ook ‘n bykomende inligtingstuk oor hoe hulle hul prestasie kan verbeter.

5.3.1 Voltooi die sin hier onder deur een van die woorde tussen hakies te kies en die korrekte antwoord langs die vraagnommer (5.3.1) in jou ANTWOORDBOEK te skryf.

Me Naidoo volg ‘n (tradisionele/uitkomsgebaseerde) benadering tot onderwys. (1)

5.3.2 Verskaf ‘n rede vir jou antwoord in VRAAG 5.3.1. (1 × 2) (2)

5.3.3 Identifiseer VIER instrumente wat me Naidoo gebruik het om assesseringsbeoordelings op te teken en daaroor verslag te doen.

Staaf jou antwoord deur die relevante beskrywing van elke instrument in die scenario hier bo aan te haal. (4 × 2) (8)

5.3.4 Gee ‘n aanhaling uit die bostaande scenario wat aandui hoe me Naidoo konstruktiewe terugvoering aan haar leerders bied. (1 × 2) (2)

[25]

VRAAG 6

6.1 Dit is terselfdertyd uitdagemd en bevredigend om ‘n onderwyser te wees. ‘n Onderwyser moet sy/haar leerders met respek hanteer.

Identifiseer die bestuursbenadering in elk van die scenrio’s hier onder. Skryf slegs die naam van die benadering langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.



[Bron: *www.google/images.co.za*]

6.1.1 Mnr Sempe verander die manier waarop hy sy klas bestuur van die een dag na die volgende, wat die leerders verwar. Hulle weet nooit wat om volgende te verwag nie.

6.1.2 In mnr Smith se klas is die fokus op sy sterk leierskap, sy klasse se goeie uitslae en harde werk.

6.1.3 Mnr Oliphant deel verantwoordelikhede en take met leerders en stel hulle in staat om aan besluitneming deel te neem.

6.1.4 Mnr Venter laat leerders heelwat vryheid toe, en het dus dissiplineprobleme in sy klas.

6.1.5 Mnr Lesetla is ‘n sterk leier, maar respekteer en waardeer elke kollega en leerder.

(5 × 2) (10)

6.2 Noem VIER uitwerkings wat proaktiewe maatreëls op mnr Venter se dissipline-probleme in sy klas (soos in VRAAG 6.1.4 genoem) kan hê. (4 × 2) (8)

6.3 Me Smith is ‘n groentjie-onderwyser (‘novice teacher’). Sy het beperkte ervaring in hoe om leerders met spesiale behoeftes te onderrig.

Doen DRIE maniere waarop sy haar onderrig- en leerstrategieë kan aanpas om begaafde (‘gifted’) leerders in haar klaskamer te akkommodeer. (3 × 2) (6)

6.4 Gee ‘n ander woord vir ‘groentjie’ soos dit in VRAAG 6.3 hier bo gebruik is. (1)

[25]

VRAAG 7

7.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (7.1.1–7.1.3) in jou ANTWOORDBOEK neer.

Mnr Sheeran is die skoolhoof van Milkwood Primêre Skool. Hy reflekteer oor die suksesse en mislukkings van die afgelope akademiese jaar. Op grond van sy refleksie besluit hy om 'n vergadering met sy personeel te skeduleer, sodat hulle hom met die volgende jaar se beplanning kan help. Hy besef dat hy 'n raamwerk vir die beplanning, organisering en bestuur van klaskamerpraktyke vir elke fase sal moet verskaf. Die beplanning betrek al dien personeel per fase.

Mnr Muller is die Hoof van die Sosiale Wetenskappe-departement by die skool. Na afloop van die vergadering stel hy dokumente op, waarop die tempo vir onderrig, leer en assesserings vir sy departement vir die jaar aangedui word.

Mev Leeuw spesialiseer in Geskiedenis en Geografie. Sy is 'n bietjie van 'n loskop en weet dat sy haar prestasie moet verbeter. Sy gaan huis toe en stel dokumente op oor hoe onderrig, leer en assesserings in die klaskamer bestuur sal word.

Mev Leeuw het in die loop van die jaar 'n paar uitdagings in die klaskamer beleef. Sy het vergeet om hulpbronne te verkry om die onderskeie vastelande en lande vir haar leerders te wys. Haar klaskamer was ongeorganiseerd, en leerders kon nie sien wat sy voor in die klas demonstreer nie. Die leerders het belangstelling verloor, begin gesels en baklei terwyl sy besig was om onderrig te gee. 'n Paar leerders het gekla dat dit te warm in die klas is, en aan die slaap geraak. Mev Leeuw begin twyfel aan haar vermoë om 'n goeie onderwyser te wees.

7.1.1 Identifiseer die personeellid wat daarvoor verantwoordelik is om lesplanne op te stel.

7.1.2 Identifiseer die personeellid wat daarvoor verantwoordelik is om die leerprogram op te stel.

7.1.3 Identifiseer die personeellid wat daarvoor verantwoordelik is om die werkskedule op te stel.

(3 × 2) (6)

7.2 Op grond van die scenario hier bo, doen DRIE veranderings aan die hand wat me Leeuw kan maak om meer effektief as 'n bestuurder te funksioneer en 'n meer bevorderlike klaskameratmosfeer te skep. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

7.3 LOOM's (Leer- en Onderrigondersteuningsmateriaal) is daardie hulpbronne wat 'n onderwyser kan gebruik om onderrig en leer in die klas te versterk. Kies VIER van die prente hier onder wat toepaslike LOOM's sal wees wanneer me Leeuw 'n geografie-les aanbied. Skryf slegs die letter van die relevante prente (A–H) langs die vraagnommer (7.3) in jou ANTWOORDBOEK.



(A)



(B)



(C)



(D)



(E)



(F)



(G)



(H)

[Bron: *www.istockphoto.com*]

(4 × 1) (4)

7.4 Met verwysing na jou antwoord op VRAAG 7.3, gee DRIE redes waarom die betrokke prente nuttig in me Leeuw se Geografie-les kan wees. (3 × 2) (6)

7.5 Verskaf DRIE voorbeelde van hoe me Leeuw kan seker maak dat haar Geografie-klaskamer sensitiwiteit teenoor kultuur-, geslag- en taalverskille vertoon. (3 × 1) (3)

[25]

VRAAG 8

8.1 Noem VIER elemente van diverse leerderkontekste wat in aanmerking geneem moet word wanneer toepaslike onderrigstyle en -metodes geïmplementeer word. (4 × 1) (4)

8.2 Teken die tabel hier onder oor langs die vraagnommer (8.2) in jou ANTWOORDBOEK. Sorteer die volgende onderrigmetodes onder die relevante kategorie in die tabel.

- Rolspel
- Projek
- Lesings
- Probleemoplossing
- Vrae wat deur die onderwyser gevra word
- Besprekings
- Direkte opdragte
- YouTube-lesse
- Handboekvoorlesing

DEELNEMENDE METODES	VERKLARENDE METODES

(9 × 1) (9)

8.3 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vraag wat daarop volg:

Me Mashigo is ‘n Graad 1-onderwyser met 36 sesjarige leerders in haar klas, en sy is bekommerd oor party van hulle. Sy besef dat sommige leerders moontlik met struikelblokke tot leer sukkel as gevolg van ‘n paar goed wat die afgelope paar weke gebeur het.

Kgosi is ‘n intelligente seun, maar hy raak gereeld in die klas aan die slaap of kla oor maagpyn. Me Mashigo merk op dat Kgosi dikwels honger skool toe kom en nooit kos skool toe bring nie. Nalede, daarenteen, trek haar oë op skrefies wanneer sy na geskrewe teks of prente kyk. Sy raak agter en kan nie enige vrae beantwoord wat op visuele insette gegrond is nie.

Pieter is ‘n baie energieke seun en is gedurig aan die gang. Hy beweeg aanmekaar rond, selfs al is hy besig met ‘n taak, en sukkel om aanwysings te volg. Susan was in ‘n ernstige motorongeluk betrokke en het haar linkerhand verloor. Leo is teruggetrokke en gesels nie met die ander leerders nie. In die klas maak hy herhalende bewegings, soos om vorentoe en agtertoe te wieg of sy hande rond te waai. Hy neem nie aan verbeeldingspeletjies deel nie, verkies dit om alleen te speel, speelgoed in ‘n ry te pak en dit te sorteer.

Identifiseer VYF struikelblokke tot leer uit die scenario hier bo. Skryf slegs die NAAM van die leerder asook die leerders se struikelblokke tot leer in jou ANTWOORDBOEK neer. (5 × 2) (10)

8.4 Gee bewyse waarom ‘n taktiel-kinestetiese leerder fisiese aktiwiteit sal verkies, eerder as om ‘n boek te lees. (1 × 2) (2)

[25]

VRAAG 9

9.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

> Mnr Moloi is ‘n interne moderator by sy skool. Dit is belangrik dat die skool ‘n proses het wat assesserings ondersteun en evalueer. Mnr Moloi teken bewyse van leerderprestasie aan teenoor die relevante assesseringskriteria. Hy bekragtig ook dat onderwysers voldoen aan die assesseringsriglyne wat aan hulle verskaf is. Dit is om te verseker dat die skool die riglyne nakom wat deur die Departement van Basiese Onderwys verskaf is wat ook die skool se prestasie gereeld monitor.
>
> Me Dlamini, ‘n Graad 6-onderwyser, het onlangs summatiewe assesserings met haar leerders voltooi. Mnr Moloi het haar werk modereer en gevind dat sommige van die vrae wat in die assessering gevra is, oor ‘n ander onderwerp handel as die een wat op die jaarplan aangedui is. Dit het die meeste leerders benadeel. Die meeste vrae in die vraestel was kennisvrae, omdat me Dlamini geen ervaring gehad het in hoe om ‘n gebalanseerde vraestel op te stel nie. Geen terugvoering is aan die leerders gegee nie, omdat sy gereken het dat dit voldoende is om vir hulle rapporte te gee.

9.1.1 Identifiseer EEN rede waarom moderering by skole gedoen word. (1 × 2) (2)

9.1.2 Identifiseer TWEE pligte van interne moderators uit die bostaande scenario. (2 × 2) (4)

9.1.3 Gee ‘n voorbeeld van eksterne moderering wat by die skool gedoen word. (1 × 2) (2)

9.1.4 Identifiseer EEN fout wat me Dlamini gedurende die kwartaal gemaak het, wat tot al die negatiewe bevindings gelei het. (1)

9.2 Doen VIER maniere aan die hand waarop me Dlamini haar assesserings kan verbeter op grond van die bevindings van mnr Moloi se moderering. (4 × 2) (8)

9.3 Adviseer me Dlamini oor hoe om konstruktiewe terugvoering aan die leerders te gee. (2 × 2) (4)

9.4 Gee TWEE reflektiewe tegnieke wat me Dlamini kon gebruik het om te voorkom dat sy gedurende die volgende akademiese jaar verdere foute begaan. (2 × 2) (4)

[25]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou